



## SA Span besoek Australië gedurende Maart 2014

Die SA Span het Australië besoek tydens Maart 2014 en teen die Aussies meegeding.



Rupert Dedeckind; Jaco Brink; Johannes Schoeman; Revo van Zyl; Willem Botha; Francois Ferreira  
*Fotos met vergunning van Jaco Brink*

### Verslag deur Willem Botha:

Dit was met groot trots toe ek in my groen Protea baadjie en bypassende broek op die vliegtuig klim in Bloemfontein, nadat my vlug 45 minute vertraag was.

In Johannesburg (Oliver Tambo) aangekom het ek die ander manne gekry en ons is saam na die kantoor sodat ons ons gewere kon inhandig vir die vlug. Ons bagasie is vooraf geweeg, en alles was in orde.

Die sekuriteits kantoor waar ons die gewere ingehandig het was effektief en alles het glad verloop. Ons het deur doeane beweeg en het maar 'n bietjie tyd verwyl voor die vertrek van ons vlug.

Die vlug was lekker en almal het darem 'n slapie ingekry en die 9 uur plus vlug na Perth was gou verby.

Ons was maar effe senuagtig op die Perth lughawe maar alles daar het glad verloop danksy Jan van Niekerk, die man wat alles in Australië gereël het, se vooraf beplanning. Ons vorms en permitte was in orde en twee manne van Australië, Jan was een van hulle ,het ons aan die anderkant ontvang.

Jan woon al sewe jaar in Australië en hy is die man wat Jaggeweerskiet in Australië begin het.

Ons is daar na 'n ander afdeling waar ons sommer ons permitte vir die uitvoer van die wapens agtermekaar gekry het vir die dag as ons sou vertrek. Wat moet in, moet weer uit; hulle is baie streng.

Nadat al ons bagasie gelaai is, dit was nogal iets anders (die bakkies met die dakrakke en die lae sykant) ,is ons na een van die ouens se huise.

Daarvandaan vertek ons na ons blyplek vir die volgende twee aande voordat ons na die platteland sou vertek, so 4 ure vanaf Perth. Ons sou die Sondag vertrek.

Ons moes eers 'n bietjie voorraad koop, kos ens en ongelukkig was dit 'n effense duur winkel waarin ons beland het. Met fyn beplanning het ons die nodige gekry en is ons na ons blyplek; 'n baie mooi en lekker woonstel op die waterfront tussen bote en alles wat welgestelde mense kan besit.

Na 'n goeie nag se rus met behulp van slaap pille is ons na die Perth skietsentrum waar alle skietsporte saam gegroepeer is.

Gewere is uitgehaal. Johannes en Revo hulle 260's, Rupert sy 22-250, Francois sy 6mm BR, Jaco sy 6mm XC en ek my 243. Die inskiet was baie interessant. Al die gewere was baie naby aan hul zero punt soos dit in Suid-Afrika was en geen stelwerk was nodig nie.

Ons teikens was daar asook teikens wat in Australië gebruik word: 'n kameel kop en nek, red fox, goat ('n tipe boerbok) en natuurlik die ghongs.

Net na die inskiet en sou ons die eerste been teen Australië skiet. Groot was die verbassing toe ons agterkom hoeveel ex- Suid-Afrikaners daar is, almal praat Afrikaans en 'n mens het regtig gevoel jy is by die huis, maar ons het baie vinnig agtergekom ons is in Australië toe die skiet begin.

Die skietposisies was moeilik,die afstande was nie ver nie maar daar was baie min dooeirus geleenenthede en die kunsmatige stokke en dinge het pakslae uitgedeel. Die wentelling was 685 en dit vertel die hele verhaal. Half geskok, getrim tot size is ons laat middag terug woonstel toe. Suid Afrika het gewen maar nie met tellings wat enige iemand opgewonde gemaak het nie.

Voor ons vertrek die volgende dag moes ons die woonstel skoonmaak. Arbeid in Australië is baie duur daarom werk die mense self in en om die huis. Ons het gestofsuiif, skottelgoed gewas en uitgevee. (*gevoel of hulle weer by hul eie huise is*) Ons sou na ons besoek aan die platteland weer terugkom na die woonstel vir die laaste 3 dae van ons besoek.

Ons het die 4 uur lange reis noordwaarts aangepak en dit was nie baie lank voordat ons die eerste kangeroos gesien het waar hulle het onder die bome gelê en rus het nie. Die pad was besig ons het opgemerk dat die voertuie in Australië omtrent presies dieselfde is as wat ons hier kry en ry. Baie interessant, ons het opgemerk dat Mercedes en BMW's baie skaars daar is. Ek het die hele 10 dae net drie Mercedes Benz rygoed gesien.

Soos ons verder van Perth af beweeg het, het dit al hoe meer plaas geword met natuurlike bloekombome. (Ek haat die goed hier by ons; niks groei mos onder hulle nie)

‘n Interesante struik of plant wat ook hier groei noem die Ausies ‘n blackboy (swart stam); lyk of hy gebrand is en dan met ‘n gras kop wat lyk soos die dekriet wat daar by Albertina, langs die see groei en wat ons gebruik om dakke mee te dek. Die goed word blykbaar ‘n duisend jaar oud.

Die plaas waarheen ons oppad was word deur ex-Suid-Afrikaners, Mark en Erlanda Deas, oud Bloemfonteiners wat ek ken, bestuur. Gevolglik was ek opgewonde om hulle weer te sien na 14 jaar wat hulle in Aussie land bly.

Ons was baie vriendelik ontvang en slaap in die woonkwartiere van die studente wat hier skaapskeerkursusse kom doen. Die buurplaas se vrou maak ons kos vir die paar dae hier en ons is almal sommer gou tuis.

Van die manne wat teen ons in Perth geskiet het sluit hulle ook by ons aan en sou ook die volgende dag teen en saam met ons skiet. Jan het gereël dat van die omgewing se boere ook die volgende dag of twee by ons aansluit. Ek, Jan en Mark is later die middag na die area waar die bane gebou moes word. Dit was een van die beste plekke vir ‘n jaggeweerbaan wat ek nog ooit gesien het en ek het my gate uit geniet met die uitle van die bane. Bome, lewendig en dood, om van te kus en keur. Dit was ‘n ideale plek vir ‘n man-alleen formaat.

Hier skiet ons toe twee kompetisies oor die volgende twee dae en ons doen goed, nie baie hoë tellings nie maar die bane is realisties en uitdagend en ‘n baie goeie ondervinding vir almal.

Francois loop hom hier vas in Australië se miere en ons dink die man word aangeval deur ‘n swerm skerpioene. Die goed is aggressief en kan steek en byt maar hy het dit gelukkig oorleef.

Na dag twee van ons verblyf op die plaas en na die tweede kompetisie was ons reg vir die Aussie springhaas, die Kangaroo. Elkeen is saam met ‘n boer en sy bakkie in verskillende rigtings en plase.

Ons het almal ‘n paar geskiet, party ouens meer as ander, ;n goeie ondervinding sal ek sê maar ‘n ding met horings bly maar vir my beter.

Die volgende dag is ons na die naaste dorpie, Boyabrook (skoon en netjies) waar ons die ko-op besoek het vir skoene ens, natuurlik goedkoper as hier. Die manne was lekker ontspanne en ons het ‘n lekker lui dag deurgebring. Ons sou die volgende dag, met een of twee stoppe op die pad, weer terug Perth toe.

Nadat alles weer gelaai is, gewere, teikens en bagasie, is ons vort. Mark en Erlanda sou die volgende dag ook by ons aansluit in Perth. Ons het langs die pad by ‘n wapensmid en later ‘n wapenwinkel gestop. Baie interessant, dis maar net soos by ons, die Sakos is net goedkoper.

Terug by die woonstel het ons afgepak en ontpak en reggemaak vir die volgende dag se skiet - die laaste twee kompetisies wat die wenners sou bepaal.

Gewere is die volgende dag weer ingeskiet, alles was reg en 35°C was deur die weerprofete voorspel. Die tellings was, soos in Suid-Afrika, hoog en die baan was meer soos wat ons gewoond

was. Ons het gewen en nou was dit net die laaste dag wat oor was, en ek moet sê, ek was moeg geskiet en ge-konsentreer.

Ons moes die volgendeoggend 'n paar verstellings maak omdat die temperatuur baie gedaal het, die meeste manne se gewere was laag.

Jan-hulle het na my aanbeveling weer meer van hulle teikens gebruik en van die moeilike ,bewerige posisies ingespan en dit het ernstig slae uitgedeel. Ons was vuisvoos geskiet, altans dit is soos ek gevoel het, ek dink almal was moeg geskiet, maar ons manne was eerste en tweede met 'n Aussie in die derde plek. Na die braai en prysuitdeling is ons terug woonstel toe, moeg en bly dit was verby.

Die Sondagoggend het ons 'n baie interesante wapen museum besoek en die middag het ons weer woonstel skoongemaak; matte gewas, gestofsuig, uitgeveë ens. Ons wou die plek skoner los as wat ons dit gekry het.

Ons wou huistoe ,vrou en kinders toe en was maar te bly toe ons ons plekke op die vliegtuig inneem, die vliegtuig opstyg en sy neus weswaarts draai. Op 'n vliegtuig het 'n mens baie tyd om te dink. Jy dink aan almal wat gehelp het om van die trip 'n sukses te maak. Die provinsies soos Natal, Vrystaat, Wes-Kaap, Noord-Wes, Oos-Kaap en Noord-Kaap wat geld geskenk het om ons te help en jy wonder wat het van die vereniging se bydrae geword.

Dankie aan Jan van Niekerk, Tobie en Otto, sy twee hoofhelpers in Australië, Mark en Erlanda op die plaas, Uncle John wat sy woonstel en voertuig aan ons gratis beskikbaar gestel het (ons moes net diesel ingooi). Sonder hierdie mense sou hierdie trip ontmoontlik gewees het. Ons skuld hulle "bigtime".

Baie dankie aan almal, Jaco vir die fotos, almal se stories en grappe en Revo het meer skottelgoed gewas as ons ander, dankie man.

Dan ook dankie aan ons Hemelse Vader wat al hierdie moontlik gemaak het. Dit was great.



Uitslae deur Jaco Brink:

Die Safari & Outdoor Protea Jaggeweerskiet span het 5 toetse teen Australië geskiet.

Ons het op SA Jaggeweerskiet teikens geskiet , maar ook op hulle teikens. Hulle teikens bestaan uit 'n Kameel kop , 'n boerbok ram , 'n vos wat dwars staan en 'n vos wat regop sit.

Ons het die eerste toets geskiet in Wanneroo. Daarna is ons na 'n plaas in Boyup brook waar ons 2 toetse geskiet het. Ons het teruggekeer na Wanneroo vir die laaste 2 toetse.

Die standaard van die bane was baie hoog, van die teikens (soos die vos) laat baie min ruimte vir foute en dit was regtig uitdagend. Die sportmangees van beide die SA en die Australiërs was onberispelik en dit was 'n voorreg om te sien hoe almal by mekaar leer en dit geniet.

Die uitslae vir die 5 toetse is as volg:

Suid Afrika het in totaal gewen met 2 605 punte. Ek dink dit is n getuienis dat Australië in die toekoms 'n gedugte opponent kan word. Die individuele dae se uitslae is soos volg:

Eerste Toets:

Willem Botha	680.2
Francois Feirrera	675.4
Mark D	622.725
Johannes Schoeman	615.2
Revo van Zyl	610
Jaco Brink	460.1
Jan van Niekerk	420.1
Ruperd Dedekind	400.3
Otto Richter	325
Tobie D	325

Tweede Toets

Jaco Brink	725.1
Johannes Schoeman	720.1
Mark D	720.1
Willem Botha	710.2
Ruperd Dedekind	680.1
Francois Feirrera	645.3
Revo van Zyl	520.1
Jan van Niekerk	470
Otto Richter	425
Tobie D	380

#### Derde Toets

Johannes Schoeman	785.3
Willem Botha	780
Francois Feirrera	720.2
Jan van Niekerk	695.4
Jaco Brink	685.5
Mark D	620.3
Ruperd Dedekind	615.2
Revo van Zyl	545.1
Otto Richter	458.875
Tobie D	360.1

#### Vierde Toets

Jaco Brink	870.3
Willem Botha	840.3
Johannes Schoeman	750.2
Francois Feirrera	735.2
Revo van Zyl	715.2
Ruperd Dedekind	685.4
Mark D	650.5
Otto Richter	625.3
Jan van Niekerk	525.3
Tobie D	235

#### 5 de Toets

Francois Feirrera	700.3
Johannes Schoeman	680.3
Revo van Zyl	625.2
Jaco Brink	595.7
Willem Botha	585.2
Ruperd Dedekind	515.3
Tobie D	500.4
Mark D	500
Jan van Niekerk	495.5
Otto Richter	460.2

Baie dankie Jaco.



AAAHH – Love at first bite





29.03.2014



29.03.2014









